Verskyn sedert 1 April 1873 as “De Maandbode” en sedert 1 Oktober 1894 as “Het Kerkblad”

die Kerkblad

November 2018

’n Publikasie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

SKEPPING EN EKOLOGIE

www.gksa.org.za

Webwerf: http://www.gksa.org.za/

Redaksie, Bemarking en Administrasie
Posbus 20008, Noordbrug 2522
Tel. (018) 297-3986/7/8/9
Faks: (018) 293-1042
E-pos:kerkblad@gksa.co.za
(artikels, briewe ens.)
tydskrifte@gksa.co.za
(Intekening, rekeningnavrae)
bestellings@gksa.co.za
(boekbestellings ens.)

Redaksie
Prof. CFC Coetzee (redakteur)
- 082 337 7951
- Callie.Coetzee@nwu.ac.za

Mev. J Fourie (kopieredakteur)
- Tel. 018 297 3986
- kerkblad@gksa.co.za

Ds. C Aucamp
Prof. SP van der Walt
Prof. J Smit
Mev. V de Kock
Dr. MN Hermann

Uitleg en tegniese versorging
Joey Fourie

Advertensies en kleinadvertensies
Tariewe op aanvraag beskikbaar by dr. Wymie du Plessis: tel. (018) 297-3989.
E-pos: wymiedup@gksa.co.za

Intekengeld
Sien al die opsies vir intekening op die intekenvorm elders in die uitgawe

Intekengeld word jaarliks aangepas. Intekening moet skriftelik of telefonies deur die intekenaar gekanselleer word. Maak tjeks uit aan:
Die Administratiewe Buro

Eienaars en uitgewers
Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Drukkers
V & R Drukkery, tel. (012) 333 2462

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting en/of verwerking van bydraes voor.

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

JAARGANG 120, NO. 3329 - November 2018

INHOUD

1 VAN DIE REDAKTEUR
Die Heilige Gees en die skepping (natuur)

4 UIT DIE WOORD
Is jy in die regte verhouding met God se skepping?

6 REDAKSIONEEL
Die engele as skepsels van God

8 BRANDPUNT
Wie bepaal die taak van 'n predikant?

FOKUS
10 Skepping en ekologie
12 Gelowiges en die sugtende skepping
14 Skeppingssorg begin by verhoudings
16 Skeppingssorg vanuit 'n gebroke aardse huishouding
18 Gelowige nadenke oor geloofswaarhede (3)

ANDER
20 Woorde in die Bybel – Energeia / Energein
24 Finalejaar teologiese studente 2018

IN DANKBARE HERINNERING ...
22 Prof. FN (Frans) Lion-Cachet

26 Lief en Leed
27 Kerklike administrasie
30 Kleinadvertensies

Die Heilige Gees en die skepping (natuur)

Op versoek van die Deputate vir Omgewingsake van die Algemene Sinode word hierdie uitgawe van *Die Kerkblad* grootliks gewy aan ons roeping en verantwoordelikheid ten opsigte van God se skepping. Ons dank aan die deputate en die individuele skrywers.

In hierdie artikel val die klem op die werk van die Heilige Gees in die natuur. Natuurlik is aldrie Persone in die Goddelike Drie-eenheid betrokke. Maar die Skrif ken tog aan die Heilige Gees 'n besondere betrokkenheid toe. Die natuur sou sonder die Heilige Gees nie ontstaan het en ook nie kon voortbestaan nie. As ons aan die werk van die Heilige Gees slegs dink in terme van die toepassing van Christus se verlossingswerk in die gelowiges (die besondere genade), dan doen ons grootliks tekort aan sy heerlikheid.

Die Gees werk lewe in die skepping

God skep die wêreld deur sy Woord en maak dit lewend deur sy Gees. Reeds in Genesis 1:2 lees ons dat die Gees van God gesweef het oor die waters. In Psalm 104:30 lees ons (1953-vertaling): *"U stuur u Gees uit, hulle word geskape; en U maak die gelaat van die aarde nuut."* En in Job 33:4 hoor ons



Elihu in sy gesprek met Job: *"Die Gees van God het my geskape, en die asem van die Almagtige maak my lewend."*

Wat die mens betref, ook die ongelowige mens, is alle "natuurlike" gawes en talente, gawe van die Heilige Gees. Ons lees in Eksodus 31:3-5 dat die Here van Besáleël se: *"… en Ek het hom vervul met die Gees van God, met wysheid en kennis en bekwaamheid vir allerhande werk, om kunstige planne uit te dink, om dit uit te voer in goud en silwer en koper, en deur snywerk in stene wat ingelê moet word en deur houtsnywerk; om werksaam te wees in allerhande werk."* Elke ongelowige geneesheer, argitek, ingenieur, boer, musikus ensovoorts, het ook sy/haar gawes en talente alleen te danke aan die Heilige Gees.

So openbaar God HOMSELF in die skepping

Die skepping is so, van begin tot einde, openbaring van God en in besonder van die werk van die Heilige Gees. So bely ons in Artikel 2 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis dat die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld *"voor ons oë soos 'n mooi boek is waarin alle skepsels, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, duidelik laat sien …"*

In Handelinge 14:17 lees ons dat God Homself nie onbetuig laat nie, *"deur goed te doen, van die hemel vir ons reën en vrugbare tye gee en ons harte met voedsel en vrolikheid te vervul"*.

En dit is opmerklik, wanneer God sy stryd met Satan in Job se lewe tot volvoering bring, dan konfronteer Hy Job vanaf hoofstuk 38 met sy openbaring in die skepping (lees veral Job 38-41). *"Waar was jy toe Ek die aarde gegrond het … Wie het sy afmetinge bepaal? … Waar is sy fondamentklippe op ingesink? … Toe die môresterre saam gejubel en al die seuns van God getuig het? … Het jy, solank as jy lewe, die môre ontbied, die daeraad sy plek aangewys?"*, ensovoorts.

Elke sterrenag, elke sonsopkoms, elke reëndruppel, elke lentebloeisel, elke wolkestapel, die kleureprag en rykdom van Namakwaland, elke pasgebore baba, verkondig die eer en heerlikheid van God, die Skepper, Onderhouer en Regeerder van alle dinge. Dit laat ons in verwondering sing: *"Daar is geen land so ver of woes geleë, geen strand o Heer, of wilde waterweë, geen hemelsfeer in die oneindigheid – of orals blink u Naam en majesteit"* (Ps. 8:7). *"Die hoë hemelrond vertel met bly mond Gods heerlikheid en eer, en, wonderbaar deurglans, vermeld die wye trans die werke van die Heer"* (Ps. 19:1).

Ons sien dit alleen deur die bril van die Woord

Psalm 19 is juis ook een van die Skrifgedeeltes wat so duidelik God se tweërlei openbaring besing, sy openbaring in die natuur en in die Bybel. So kan ons Christus as Verlosser nie uit die natuur ken nie, maar alleen uit die Woord. Maar ons kan God in sy openbaring in die natuur ook nie ken sonder die Woord nie. Hierbo het ons telkens uit die Woord aangehaal. Calvyn het gesê ons kyk na die skepping deur die bril van die Woord. In Hebreërs 11:3 lees ons: *"Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie."*

Die ongelowige mens sien dit nie, of verwerp dit, soos ons lees in Romeine 1:19-21: *"… wat van God geken kan word, is in hulle openbaar, want God het dit aan hulle geopenbaar. Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie; omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hulle oorlegginge, en hulle onverstandige hart is verduister."*

Ons verantwoordelikheid

Deur die sondeval van die mens is die ganse skepping ook in die val meegesleep. En steeds gaan die mens voort om die skepping op soveel maniere te verwoes – deur besoedeling, deur die energiebronne te misbruik, deur oorbeweiding, deur vernietiging van natuurlike woude, ensovoorts.

Dink daaraan: As ons daaraan meedoen, gaan ons die werk van die Heilige Gees teë. As verlostes in Christus het ons die geweldige roeping om elke dag as rentmeesters God se skepping te beskerm, te versorg en op te bou. DK

Prof. J Smit (Johannes) (Teologiese Skool Potchefstroom)

Wie bepaal die taak van 'n predikant?

Die afgelope jaar of drie het die finalejaarstudente aan die Teologiese Skool Potchefstroom by meer as een geleentheid die vraag aan die orde gestel of ’n predikant ook ’n ander “bediening” sou kon vervul. Die gedagte wat daarin uitdrukking vind, is dat iemand as ’n predikant aan ’n gemeente verbind word, maar die een of ander bedieningswerk buite die gemeente verrig.

Die vraag van die studente ontstaan hoofsaaklik as gevolg van ’n waarneming oor hoe die predikantsdiens tans in verskillende kerkgemeenskappe gereël word.

Te midde van die ekonomie wat druk, ’n behoefte in gemeentes om meer te doen vir die uitdra van die evangelie, ensomeer, word die vraag soms ook in gemeentes gevra. Daar word dan na hierdie benaderingswyse tot die bediening as ’n sogenaamde “tentmakerbediening” verwys. Dit verwys na ’n situasie soortgelyk aan die omstandighede van Paulus in Korinte, wat hy tydens sy verblyf aan die huis van Aquila saam met Aquila en sy vrou Priscilla as ’n tentmaker gewerk het (vgl. Hand. 18:3; 1 Kor. 9:12). Aquila en Priscilla was, soos Paulus, tentmakers van beroep.

Mens hoor soms dat so ’n benaderingswyse tot die predikantsdiens die geleentheid aan predikante sou kon bied om hulle op ’n spesifieke bediening toe te lê en daarin te spesialiseer.

Spesifieke tipe bediening

Daar is goeie redes daarvoor dat tentmakerbediening nie as ’n afsonderlike diens deur die kerkorde gereël word nie en die gereformeerde tradisie waarin ons staan, oor die algemeen nie positief daaroor oordeel nie.

Hier gaan dit egter nie daaroor om soseer ’n standpunt vir of teen die sogenaamde tentmakerbediening in te neem nie. Dit is ’n tema vir ’n ander geleentheid. Die vraag is of ’n predikant hom voltyds op ’n ander bediening behoort toe te lê, maar steeds die naam en eer van ’n predikant kan behou. Die inisiatief vir die daarstel van so ’n bediening kan van die predikant of die gemeente uitgaan.

’n Voorbeeld: *Daar is ’n behoefte in die omgewing (in skole) aan die bediening van jongmense. Dit sou seker, so word die saak baie keer gemotiveer, die uitbreiding van die evangelie kon dien indien daar aan hierdie behoefte aandag gegee word. Daarvoor behoort ’n predikant dan afgesonder te word. Een of ander mooi naam word gewoonlik vir hierdie nuwe bediening bedink. Soms is instansies naas die gemeente bereid om fondse beskikbaar te stel om die bediening lewensvatbaar te maak. Die hoeveelheid ure wat die predikant in diens van die gemeente en in diens van die instansie verrig, kan selfs aangedui word. Op dié basis kan daar voorsiening gemaak word vir ’n jeugpredikant, ’n predikant vir bejaardes, en aan die hand van behoeftes wat ons identifiseer, ’n predikant vir elke denkbare en (tans) ondenkbare bediening.*

’n Opmerking oor tentmakerbediening: Die situasie wat hom in die voorbeeld voordoen, moenie met die sogenaamde “tentmakerbediening” verwar word nie. Tentmakerbediening beperk die predikantsbediening nie tot ’n aspek daarvan nie, maar soek na

'n oplossing om die volle bediening in tye van finansiële nood steeds tot sy reg te laat kom.

In die bogenoemde voorbeeld is dit nie die geval nie. Die gedagte is eerder om 'n aspek van die bediening te neem of iets daaraan toe te voeg. Die volle bediening van 'n predikant gaan dan in dié enkele aspek op. Soms speel finansies daarin 'n rol, maar dit staan nie noodwendig in die kern nie.

Sou dit 'n probleem wees indien die predikantsdiens so ingeklee word?

Die kern van die saak

Ons kan ons tot die kern van die saak beperk:

Die predikantsdiens is, soos die ander dienste, 'n gawe van God in die gemeente. Die oorsprong van die diens berus by die Here. Die Here laat dit nie aan die kerkraad of die predikant oor om te besluit wat die take is wat 'n bedienaar van die Woord moet uitvoer nie. Die Een wat die diens gee, bepaal ook die aard van die diens en die opdrag wat die bedienaar moet uitvoer. Uiteindelik staan die bedienaar in diens van die Here en moet hy aan Hom verantwoording doen. Ons kan dit soos volg saamvat: Die Skrif bepaal die taak wat 'n predikant moet uitvoer. Dit word in die konfessie verwoord en by wyse van die kerkorde prakties gereël. Die Formulier vir die Bevestiging van Bedienaars van die Woord en die konsep-beroepsbrief gee in hierdie opsig goeie leiding aan die gemeentes.

Die Formulier stel dit soos volg: "As herder en leraar is u geroep … om die kudde van God wat aan u sorg toevertrou word, te versorg, te lei en te beskerm." Hierdie taak word in die Formulier aan die hand van ses punte uiteengesit. Dit trek daarin saam dat die predikant verantwoordelik is vir die verkondiging van die Woord, die bediening van die sakramente, die diens van gebede, en deur die ouderlinge met die regering van die kerk by te staan (Psalmboek 2001, 137-142).

In 'n gemeente eis omstandighede soms dat 'n aspek van die bediening spesifiek aandag moet kry. Daar kan ook sekere noodsaaklike toespitsingspunte van die bediening wees. Daarvoor word praktiese reëlings getref.

Dit hef egter nie die beginsel op dat die diens van die Woord daarop toespits om die Woord in sy volle omvang in alle omstandighede te bedien nie. Die geloof en die versterking van die geloof is immers deur die gehoor (vgl. Rom. 10:13-15; Ef. 4:10-12). Daarop is die diens van die predikant gerig.

Grondlyne van die evangelieverkondiging verander nie

Behoort die taak van die predikant 'n sterker toespitsingspunt te kry? Dit is 'n geldige vraag. Die predikantsdiens is wyd. Dit behels die hele lewe. Dit hou in dat die Woord in alle omstandighede in die lidmate se lewens bedien word.

Hierin lê daar egter 'n besondere fokus. Die Woordverkondiging is die toespitsingspunt van die predikantsdiens. Die taak van 'n predikant is om die Woord uit te lê en in die omstandighede toepaslik te verklaar. Uiteraard vind die prediking binne 'n spesifieke konteks plaas, gerig op die omstandighede. (Die gereformeerdes was nog nooit voorstanders daarvan dat die Woord by die omstandighede betrek word nie. Dit veroorsaak – te maklik – dat die Woord na gelang van die omstandighede aangebied word.)

Die standpunt is eerder dat die lig van die Woord by wyse van die verkondiging op die omstandighede skyn om die pad daarin verder aan te dui. Daarvoor word predikante toegerus, om met die nodige erns en versigtigheid die lig van die Woord op 'n situasie in die konteks te laat val.

Die vraag is nie wat vir ons die omstandighede na die beste taakomskrywing van die predikantsdiens lyk nie. Omstandighede verander, maar die grondlyne van die verkondiging van die Woord bly deur die eeue dieselfde. In die omstandighede werk die Here nie noodwendig met menslike logika nie.

Die vraag is of ons in die omstandighede gehoorsaam is aan die Skrif en die beginsel wat vir die bediening geld, bly handhaaf. DK

Ds. CCA Vrey (Coen) (Bellville)

Gelowiges en die sugtende skepping

In 2016 skryf Peter Harris (medestigter van *A Rocha* – Portugees: Die Rots – die grootste internasionale Christen-bewaringsorganisasie) in 'n artikel met die opskrif: *Why Conservation is a Gospel Issue* (www.christianitytoday.com/ct/2016/september-web-only/why-does-nature-matter.html) dat Christene ook betrokke behoort te wees by omgewingsbewaring. Tereg sê hy dat omgewingsbewaring vir te lank hoofsaaklik vanuit 'n sekulêre lewens- en wêreldbeskouing gedoen is. Harris spreek 'n versugting uit dat Christene sal raaksien dat hulle ook verantwoordelik is vir omgewingsbewaring.

Gelowiges moet mekaar aanspoor tot liefde en goeie werke. Dit is goed as gelowiges mekaar ook aanspoor om die omgewing te bewaar, soos wat Harris dit in sy artikel wil doen. Maar een mens se passie vir omgewingsbewaring kan tog nie die enigste aansporing vir gelowiges wees om by omgewingsbewaring betrokke behoort te raak nie. Daar moet mos iets meer grondliggend as 'n artikel wees.

Vir die Christen is die Woord van God grondliggend aan alles wat hy doen. Wat sê die Here dan wat die gelowige motiveer om by omgewingsbewaring betrokke te wees?

Waarom die skepping sug

Ons ken almal Paulus se beskrywing van die skepping wat sug en reikhalsend verlang na die bekendmaking van God se kinders (Rom. 8:19-22). Hy skryf onder andere dat die skepping sug omdat God dit aan verganklikheid onderwerp het.

Maar dit is nie hoe dit van die begin af was nie. Daar was 'n stadium in die bestaan van die skepping dat alles goed en volmaak daar uitgesien het. Ná die skepping van die mens het die Here na alles gekyk wat Hy geskep het, en self gesê: Dit is baie goed (Gen. 1:31).

Alles wat God beplan het om te skep, was op die sesde dag voltooi. Elke deel van die skepping het volmaak gewerk soos wat Hy bedoel het dit moet werk. Die plante, diere, insekte, ja, alles het bestaan tot verheerliking van God, want die hele skepping was tot diens van die mens sodat die mens sy God met oorgawe kon dien.

Die volmaakte mens van die Here het egter willens en wetens na die praatjies van die uitgeslape slang geluister. Hierdie opstand teen die Here het nie net vir die mens gevolge gehad nie. Deur sy opstand het die mens veroorsaak dat ook die volmaakte skepping met ellende getref is. Deel van die mens se vonnis is dat die aarde om die mens se ontwil vervloek is.

Deur die genade van die Here kan die mens nog 'n bestaan uit die aarde maak. Maar van daardie droewige dag van die sondeval af word die mens se bestaan uit die aarde met moeite gekenmerk. Die aarde bring dorings en distels voort, wat die mens se werk bemoeiklik en hom laat sug.

Hoor hoe sug die skepping

Joël skryf ook oor die gesug van die skepping as gevolg van die mens se sonde. Die vee sug. Die troppe beeste is onrustig, want daar is vir hulle geen weiveld nie; selfs die troppe kleinvee moet boet (Joël 1:18). Hierdie hartseer prentjie speel hom ook tans in ons eie land af. Diere vergaan weens honger en dors, want die reën bly weg. Groot stukke land word woestynagtig weens die droogte.

Droogte is maar een sug vanuit die skepping. Die skepping sug ook wanneer daar oorstromings is en erosie plaasvind. Dit is egter nie net natuurrampe wat die skepping laat sug nie. Die selfsug van die mens vererger en verhaas dikwels die agteruitgang en verganklikheid van die skepping. Diere word mishandel en uitgeroei. Deur sy onbeheersde soeke na nog meer rykdom dink die mens nie aan die gevolge van sy optrede nie. Of daar 'n wanbalans in 'n ekosisteem gaan kom vanweë sy praktyke, daaraan word nie gedink nie.

Die konstante goeie en vrugbare tye van die begin bestaan al vir millennia nie meer nie. Daarom het die wisseling tussen vrugbare en onvrugbare jare in 'n groot mate vir mense normaal geword. En vir hulle vir wie die wetenskap die enigste en belangrikste bron van kennis is, word die verklarings van die wetenskap 'n middel om te beplan ondanks en te midde van moeilike omstandighede.

Alhoewel die wetenskap ook deur gelowiges beoefen en gebruik word, weet hulle egter dat die toestand van die aarde nie is soos wat God bedoel het dit moet wees nie. Wanneer die gelowige die vee hoor sug en sien hoe onrustig die troppe beeste is oor die gebrek aan weiding, onthou hulle hul eie skuld aan hierdie toestand. Dit is om die mens se ontwil dat die skepping aan verganklikheid onderwerp is. En die gelowige hoor dat die skepping nie net sug vanweë die verganklikheid nie. Die skepping sug ook omdat die tyd nog nie aangebreek het dat die skepping vrygemaak word van die slawerny van verganklikheid nie.

'n Sugtende gelowige in 'n sugtende skepping

Vir die gelowige hét die verlossing aangebreek. Aan die kruis het Christus die smart van die mens se sonde gedra. Hy is deur sy Vader verlaat. Hy het ook die pyn van die vervloeking van die aarde gedra – daar was 'n doringkroon op sy kop. Ter wille van Christus is die gelowige reeds kind van God, sy sondes is vergewe, en hy het die hoop op die verlossing in sy volheid.

Vir die gelowige geld daar dus 'n reël van *reeds* en *nog nie* – reeds verlos, maar nog nie volmaak nie. Tog leef die hoop in die gelowige dat die volle verlossing sal aanbreek op grond van die belofte van die Here self (Rom. 8:30). Dit is hierdie hoop sowel as die heiligende werk van die Heilige Gees wat die gelowige anders as ander mense teenoor die skepping laat optree.

In plaas van uitbuit, oorbewei en besoedel, tree die gelowige as rentmeester op. Die skepping is die eiendom van die Here. Daarom bestuur die gelowige die deel van die skepping waaroor hy gesag moet uitoefen, op so 'n wyse dat die Here die wins kry wat Hom toekom. As rentmeester raak gelowiges betrokke by die beskerming van diere en plante. Die gelowige weet dat die nuwe lewe waarin die Here hom gebring het, nie vir hom alleen is nie. Die skepping moet ook daaruit voordeel trek deurdat die gelowige die eiendom van die Here oppas en verantwoordelik bestuur.

Die gelowige sal nie die verganklikheid waaraan die skepping onderwerp is, kan keer of selfs omkeer nie. Toe Jesus die blinde laat sien het en die dooies opgewek het, het Hy nie toe al 'n einde gemaak aan alle blindheid, siekte en dood nie. Deur sy wonders het Hy getoon wat gebeur wanneer sy heerskappy alleen erken word. Hy het 'n voorsmaak gegee van die nuwe aarde.

In navolging van Christus bring die gelowige nie 'n einde aan verganklikheid nie. Deur sy besig wees met omgewingsbewaring laat hy die skepping, waarvan hy afhanklik is om te oorleef, deel in die nuwe lewe wat die Here in beginsel aan hom gegee het. Sy geloof in die beloftes van die Here van 'n nuwe aarde dring hom om in gehoorsaamheid aan die Here betrokke te wees by omgewingsbewaring. Daarom mag die gelowige 'n sugtende skepping nie versaak nie. DK

Finalejaar teologiese studente 2018

HERMAN STAVAST

Ek is Herman Stavast, en as dit die Here se wil is, sal ek en my gesin in 2019 diensbaar wees in die GKSA by 'n gemeente van sy keuse.

Ek is 'n boorling van Naboomspruit in die hart van die Bosveld. Dit is ook waar ek my eggenoot, Wilna, ontmoet het en ons is sedert ons skooldae bymekaar. Met baie genade is ons hierdie jaar 21 jaar getroud en die trotse ouers van twee seuns. Bernard is ons oudste en is nou 18, en Fourie is die jonger boetie wat nou 16 is.

Ek is 'n motortegnikus en het my ambag by Yskor te Ellisras voltooi in 1995. Daarna moes ek die privaatsektor betree en gaan werk soek, wat ek by Toyota in Potgietersrus gevind het. Ek was 14 jaar in diens van NTT Toyota waar ek die laaste jare as werkswinkelbestuurder gewerk het.

Die Here het in my hart gespreek en my geroep om vir Hom te werk in 2009, maar ek was te laat vir die Januarie-inname by die TSP en het besluit dat ek vir die Junie/Julie-inname van 2010 gaan mik. Sedert Julie 2010 is ek en my gesin in Potchefstroom en is ek 'n voltydse student aan die TSP.

Soos ek reeds genoem het, sal ons as gesin DV in 2019 diensbaar wees in die GKSA en sal ek my roeping wat God in my hart geplaas het, kan uitleef in sy diens en tot diens van ander. Ons is baie opgewonde om te sien wat die Here vir ons beplan en sien baie uit daarna om hierdie geleentheid vir Hom aan te pak.

JC POTGIETER



Nadat ek in 2001 saam met my familie na Engeland geëmigreer het, het ek in 2013 teruggekom na Suid Afrika om by 'n Gereformeerde Teologiese Skool te studeer. Ek is baie dankbaar vir die goeie en deeglike teologiese opleiding wat ek by die TSP ontvang het, en ek sien uit daarna om die beginsels wat ons geleer het, nou prakties toe te pas.

In Potchefstroom het ek ook my vrou, Esmari (néé Linde) ontmoet en ons sal DV in Maart 2019 vier jaar getroud wees. Ons geniet dit om saam na oudioboeke te luister, met ons hond te gaan stap, en nuwe dele van Suid-Afrika te verken.

RUAN STEYN

Ek en my vrou, Zonika, is albei van Benoni afkomstig. Ons het mekaar eers in Potchefstroom ontmoet. Ek het van jongs af gesê dat ek my vrou by

die kerk gaan ontmoet – en ek het. Ek het reeds van 'n jong ouderdom af die roepingsbesef gehad om 'n predikant te wees. Die roeping wat ek ontvang het, skyn vandag in my finale jaar net meer helder.

Ek het direk na my hoërskoolloopbaan by die Teologiese Skool vir my studies aangemeld. Sommige mense het gesê dat ek eers 'n besigheidsgraad moet studeer, maar ek was daarvan oortuig om dadelik met my studies te begin, want die oes is baie en die arbeiders is min. As dit die Here se wil is, wil ek graag op 'n latere stadium met my studies in Praktiese Teologie voortgaan.

My vrou is twee jaar jonger as ek. Sy het Sielkunde en Tale (Afrikaans, Nederlands en Tswana) gestudeer. Sy is hierdie jaar besig om haar NGOS (nagraadse onderwyssertifikaat) te voltooi. Sy glo dat dit haar roeping is om 'n onderwyser te wees en om sport af te rig. Sy glo dat dit haar grootste roeping is om haar man by te staan en te ondersteun. Sy self het 'n hart vir mense en vir die verkondiging van die evangelie. Ons het nog nie mens-kinders nie, maar net dierekinders ('n hond en 'n krimpvarkie).

Ons albei sien daarna uit om diensbaar in die kerk van die Here te wees – waar ons ons gawes tot eer van die Here kan gebruik.

Orrie Oosthuizen

Ek is die oudste van vier seuns en ontvang my skoolopleiding in Thabazimbi waar my ouers woon. Ek is 33 jaar oud en is 'n tweede-loopbaan-student. Ek het in 2004 aangemeld vir studies in Teologie, maar staak dit in 2006 omdat die HERE 'n ander plan met my op daardie stadium gehad het. Ek studeer IT, waarna ek die arbeidsmark betree en suksesvol daar werk, wel sonder vervulling omdat dit nie is waarvoor die HERE my geroep het nie.

In 2011 ontmoet ek vir Elaine en ons beloof trou aan mekaar op 10 Desember 2011. Die HERE werk intussen met my en blaas die roeping se vlamme aan. Ek keer terug na my studies in 2012 met my eie ouers sowel as my skoonouers se ondersteuning. Elaine is egter die een wat my hande sterk hou; sy herinner my wanneer dinge swaar en taai gaan dat ek die HERE geantwoord het: "Hier is ek, stuur my" (Jes. 6).

Ek werk vandat ek my studies in 2012 hervat het as opvoedkundige tolk by die NWU se Taaldirektoraat. Elaine kry in 2013 ook werk as opvoedkundige tolk by die NWU en sit haar studies by UNISA voort om haar roeping as onderwyser te vervul. Haar hart lê veral by remediërende onderwys en sy het 'n besondere aanvoeling vir maatskaplike sake.

Die HERE seën ons gesin mildelik en ons het tans twee verbondskindjies. Orrie is 4. Hy is lief vir "lees" en stories luister. Hy wil graag, wanneer hy "so groot en vet soos pappa is", 'n brandweerman word. Bea is amper 2. Sy is pappa se oogappel en is mal daaroor as sy saam met pappa kan sing en dans. Ons sal DV einde Oktober 2018 ons derde kindjie, Hannah, ontmoet.

Ek het 'n voorliefde vir die Ekklesiologie en beplan om eendag verder te studeer in veral die Kerkreg; maar vir eers sien ek baie daarna uit om as herder in die HERE se kudde te dien. Ek doen in die bietjie spaartyd tot my beskikking houtwerk en is baie lief vir die veld, kamp, en jag. Elaine is lief vir handvlyt soos naaldwerk, hekel, en brei. Sy is ook 'n voorslag bakster. DK